# JEUG: Kersfeesherdenking - 'n Tyd om ons geloof 'af te stof'

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER:

- Laat die kinders in hulle groepe iets soos musical chairs speel, hulle stuur 'n boksie aan, en die een wat die boksie vashou as die musiek ophou val uit
- Wanneer elke groep net een persoon oor het, laat hulle 9 teen mekaar speel, die wenner is die vrywilliger vir die ysbreker
- Sit 'n R20 noot in 'n houer.
- Vra een vrywilliger om jou met die ysbreker te help.
- Sê vir die vrywilliger dat daar 'n R20 noot in die houer is, en dat hy/sy dit kan kry.
- Glo hy/sy dat daar een in is? Glo hy/sy dat ek dit vir hom/haar sal gee? Hoekom of hoekom nie?
- Maak die houer oop en gee die R20 vir die kind.

## 3. PROCESS DIE YSBREKER:

- Ons gaan vanaand oor GELOOF praat, en ons het dit nou net vir julle gedemonstreer
- Hy/sy het nie die R20 gesien nie, maar moes glo dat daar een in voordat hulle dit kon oopmaak, en glo dat ek dit vir hulle sou gee, OMDAT ek so gesê het.
- Hy/sy het geen bewyse gehad nie, net my woord.
- En DIS wat geloof is. Geloof is om te glo sonder bewyse dat iets wel so is, OMDAT God gesê het dat dit so is

## 4. WAT IS GELOOF?

- Heb 11:1 – Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.
- As ek bewyse nodig het van iets voordat ek glo, dan sal dit nie meer geloof wees nie
- Les – voorbeeld van oom Angus
- Heb 11:6 As jy nie glo nie, is dit onmoontlik om God tevrede te stel. Wie tot God wil nader, moet glo dat Hy werklik daar is en dat Hy die wat na Hom soek, daadwerklik beloon.

## 5. Glo JY en WAT glo jy?

- Ons leef in 'n tyd waarin die wêreld nie meer in God glo nie. Waar die wêreld Jesus nie meer erken as die Seun van God nie. 'n Tyd waarin die Bybel uitmekaar geskeur word, en baie, meeste, of alles as onwaar of as net 'n storie beskou word.
- Ons gaan vanaand weer kyk wat sê die Bybel, en wat is die basis, fondasie van ons geloof
- Baie mense kies om net sekere dele van die Bybel te glo, omdat die ander dele hulle nie pas nie, of te veel van hulle gaan vra, of hulle dit nie verstaan nie. As ek alles wat God gedoen het kan verstaan en kan uitredeneer, dan sal Hy nie meer God wees nie

- EK wil vanaand vir jou sê, jy kan nie KIES watter dele van die Bybel jy glo en watter jy weggooi nie, jy glo of ALLES of NIKS. Die Here sê op 'n paar plekke in die Bybel, dat HYSELF deur die Heilige Gees vir mense gesê het wat om te skryf. So die Bybel is nie mense se woorde of gedagtes nie, maar God s'n, DAAROM kan ons nie kies watter dele ons glo en watter nie – hier is die ALLES of NIKS! JY KIES!!!

# 6. <u>DIE BASIS VAN ONS GELOOF:</u>

- Dis mos een van die dae weer kersfees, en die wêreld maak iets groots daarvan, maar die wêreld vergeet HOEKOM ons in die eerste plek kersfees vier.
- Vanaand gaan ons by die begin begin, en dit rondom die kerksboom en ons geloofbelydenis

## *6.1 <u>EK GLO IN GOD DIE VADER, DIE ALMAGTIGE, DIE SKEPPER VAN DIE HEMEL EN DIE AARDE:</u>*

- **<u>Hang aan die boom</u>**: kroon, liggies, kerse
- God is die Koning van hierdie wêreld, Hy het alles gemaak, en daar is geen sonde in Hom nie, niemand is groter as Hy nie, of het meer mag as Hy nie

## *6.2 <u>SONDEVAL:</u>*

- **<u>Hang aan die boom:</u>** slang en appeltjie met sonde se name
- God het die wêreld mooi en goed, sonder sonde gemaak, en net na Hy dit gemaak het, het die satan gekom en vir Adam en Eva in die paradys kom verlei – en hulle het sonde gedoen
- OMDAT God sonder sonde is, kan sonde nie voor Hom staan nie, en daarom moes Hy Adam en Eva uit die paradys jaag
- Sonde het tussen ons en God kom staan, en almal van ons sou hel toe moes gaan, maar dis nie wat God wou hê nie, Hy het die mens gemaak om saam met Hom te wees.

## *6.3 <u>EN IN JESUS CHRISTUS, SY ENIGGEBORE SEUN; ONS HERE; WAT ONTVANG IS VAN DIE HEILIGE GEES, GEBORE IS UIT DIE MAAGD MARIA</u>*

- **<u>Hang aan die boom</u>**: krippie
- Omdat God ons so liefhet, en omdat Hy ons saam met Hom wou hê, moes Hy ‘n plan maak om dit wat die sonde kom breek het, weer reg te maak,
- Hy stuur vir Jesus, Sy eie Seun na die aarde toe,
- Jesus word uit Maria gebore, wat ‘n maagd is, dit beteken sy het nog nooit seks gehad nie, en daarom bevrug die Heilige Gees haar, want Jesus is God se Seun, nie ‘n mens s’n nie.

## *6.4 <u>WAT GELY HET ONDER PONTIUS PILATUS, GEBKRUISIG IS, GESTERF HET EN BEGRAWE IS EN TER HELLE NEERGEDAAL HET</u>*

- **<u>Hang aan die boom</u>**: kruis en hartjie
- Jy sien, as Jesus net hier op die aarde was, het dit nog nie dinge tussen ons en God kom regmaak nie, want die sonde was dan nogsteeds tussen ons
- Jesus moes gekruisig word, want net deur Sy bloed, kan ons weer by God uitkom
- Die kruisdood en bloed van Jesus bring lewe vir almal wat in die donkerte van sonde lewe
- Jesus, moes in die 3 dae toe Hy dood was, die mag van die sonde by satan gaan terugvat – ter helle neergedaal – SODAT ons nou weer by God kan wees

## 6.5 ***WAT OP DIE DERDE DAG WEER OPGESTAAN HET UIT DIE DODE; WAT OPGEVAAR HET NA DIE HEMEL EN SIT AAN DIE REGTERHAND VAN GOD; DIE ALMAGTIGE VADER***

- **Hang aan die boom**: watte
- Jesus het op die derde dag opgestaan uit die dode soo Hy belowe het
- Jesus het voor Sy dood vir Sy dissipels gesê dat Hy die tempel gaan afbreek en weer in 3 dae gaan opbou
- As Jesus nie opgestaan het nie, het Sy dood niks vir my en jou beteken nie
- Jesus het opgevaar hemel toe om vir Sy kinders plek te gaan regmaak, vir wanneer ons na Hom toe gaan
- Hy moes ook opvaar sodat ons die Heilige Gees kan ontvang

## 6.6 ***EK GLO IN DIE VERGEWING VAN SONDE:*** skottel met water

- Maar Jesus se offer, Sy kruisdood, beteken NIKS vir jou, as jy dit nie vir jou VAT nie
- Jy moet na God toe gaan, en gaan bely dat jy 'n sondaar is, bely dat jy nie geglo het in Jesus en wat Hy vir jou gedoen het nie
- Dan was God jou skoon, asof jy nooit sonde gehad het nie
- Vra 'n vrywilliger dat jy sy/haar hande of voete kan was
- So was God jou skoon asof jy nooit sonde gehad het nie

## 6.7 ***EK GLO IN DIE HEILIGE GEES:***

- **Hang aan die boom**: duif
- Die Heilige Gees is belangrik vir ons, want dit leer ons die waarheid
- Die Heilige Gees is ook ons trooster
- Sonder die Heilige Gees kan ons as christene nie funksioneer nie

## 6.8 ***EK GLO AAN DIE OPSTANDIGING VAN DIE VLEES EN EK GLO IN DIE EWIGE LEWE***

- **Hang aan die boom**: blommetjie – nuwe lewe
- As daar nie 'n opstanding en 'n ewige lewe gaan wees nie, beteken ons geloof niks nie
- 1 Kor 15:12-15a